Notule van Algemene Jaarvergadering

18 Julie 2014 (09:30 – 12:00)

Rendevouz Restaurant, Porterville.

1.	**Opening en verwelkoming**
Peter Dorrington verwelkom almal teenwoordig op die vergadering. Joepie Burger open die vergadering met gebed. Op die vergadering is 46 lede teenwoordig en verskoning vir 55 lede word aangebied. **(Aanhangsel 1 – Teenwoordigheid register en Aanhangsel 2 - Lys van verskonings ontvang).**	
2.	**Goedkeuring van vorige notule**
Die vorige notule (15 Augustus 2013) word aan die vergadering voorgelê. Goedkeuring van die notule word deur Marius Huysamer voorgestel en dit word gesekondeer deur Joepie Burger.	
3.	**Finansiële Verslag**
Jacomien Britz, lê die finansiële verslag vir tydperk Maart 2013 – Februarie 2014 aan die vergadering voor. 'n Gemiddelde groei van 48% in die inkomste van die GCBBV word aangedui. Verskillende inkomstes en uitgawes word voorgelê met vergelykende syfers van vorige finansiële jaar. 'n 20% groei (102 lede) het plaasgevind, veral Nieuwoudtville area wat bygekom het. Debiteure is aansienlik minder as 2013, toegeskryf aan Weskus BU waar al die nie-betalende lede opgevolg en uitsorteer is. Die Vergadering keur die finansiële verslag goed en dit word afgeteken deur Peter Dorrington en Charl du Plessis.	
4.	**Wysigings aan die Grondwet**
4.1	***Veranderinge in adres, grense en tariewe*** Die datum van goedkeuring van die Grondwet verander na 18 Julie 2014.

	Nieuwoudtville / Bokkeveld area word ingeskryf in die Grondwet aangesien die huidige grense van die GCBBV die area insluit – reeds by DAFF goedkeuring hieroor gekry. Die adres van die Hoofkantoor verander na Voortrekkerstraat 1. Goedgekeur: Joepie Burger Sekondant: Ferdi Breytenbach
5.	**Verkiesing van Voorsitter en Onder- Voorsitters**
	Peter Dorrington se termyn as Voorsitter verstryk na ses jaar. Geen nominasies vir nuwe Voorsitter is ontvang nie. Voorstel word ingedien dat, met die toestemming van die Vergadering, die Dagbestuur die volmag het om die UK lede te kontak en te herverkies indien hulle bereidwillig is om verder te help. Hulle kan wel ook , en wel ander lede nader in bestuurseenhede waar daar nie tans verteenwoordiging is nie. Die Vergadering keur die voorstel goed. Die Voorsitter sal dan op die Uitvoerende Komitee vergadering verkies word. Die Vergadering bedank Peter Dorrington vir sy onmisbare bydrae tot die sukses van die GCBBV die afgelope ses jaar. **Huidige UK lede – Sien Aanhangsel 3.**
6.	**Jaarverslag 2013 - 2014** Charl gee terugvoer oor die afgelope jaar. Die Vergadering bedank Charl vir sy toewyding en baie belangrike insette in die GCBBV Die GCBBV word bedank vir hul professionele optrede en hulp tydens die Goedverwacht brand. **GCBBV – Jaarverslag – Sien Aanhangsel 4**
7.	**Terugvoering van Weskus Distrikmunisipaliteit**
	Bertus Senekal (brandweerhoof en FPO) gee terugvoering rondom die werksaamhede van die WDM die afgelope brandseisoen. ’n Totaal van 384 brande is hanteer. **Kwessies :** *Brandpermitte:* groot toename in aansoeke. Bertus herinner grondeienaars dat 2 - 3 werksdae nodig is voor ’n brandpermit uitgereik kan word. *Geldigheid van ’n brandpermit*:, Die Vergadering versoek dat die wat tans 3 maande is, verleng word na 6 maande. Bertus sal aandag gee daaraan.
8.	**Terugvoering WCUFPA : Peter Dorrington**

	Peter dui aan dat daar 78% groei in die WCUFPA is.
9.	**Gasspreker: Departement Landbou - Wes- Kaap (Jan Smit)** Gee aanbieding oor bewaringsboerdery en watter faktore en beginsels inag geneem moet word om dit toe te pas.
10.	**Afsluiting**
	Vergadering verdaag om 12h00 vir middagete.